

**Woensdag 16 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 87:1-7**

**Fokusgedeelte: Psalm 87:1-7**

**Sion: die ewige kerk van die Here**

Psalm 87 is een van die Sionsliedere. In hierdie groep liedere word die berg Sion besing. In hierdie spesifieke psalm word Sion in Jerusalem besing as die berg waarop die tempel gebou is ... die heencome waarheen die ark, wat weggevoer was, weer teruggebring is. Sion word telkens in die Psalms besing, maar dan nie as berg op sigself nie, maar omdat daar soveel simboliek aan Sion verbonde is.

Sion was die sentrum van aanbidding van die Joodse volk, die plek waar die Here om sy oordeel genader is, die plek waar die tempel is waar die volk byeengekom het om te aanbid, waar die volk geoffer het. Die plek waar die vrede van die Here geheers het. Sion word selfs in die Nuwe Testament (in Openbaring 19) besing as God se woning.

Sion se hoedanighede word besing, maar ten grondslag van hierdie Sionsliedere lê daar die groot waarheid: Sion is eintlik toonbeeld van die verlossing wat deur God bewerk is ... en in Christus Jesus vir ewig bevestig is ... verlossing wat nie net vir die Ou-Testamentiese volk bedoel is nie, maar vir almal wat uit God gebore is en een met ons Here Jesus geword het. God se Gees laat gelowiges uit Sion opstaan tot 'n nuwe lewe!

Christus is as God se Uitverkorene verseël en in Hom het God die nasies verenig, deur sy Gees en Woord, as 'n nuwe eenheid om Hom vir ewig saam te dien!

*Sing: Psalm 89-1:1, 2, 3*

*Dr. RM van der Merwe (Rudolph) (Parys)*